

19 Julie 2013

**Skrifgedeelte: Genesis 7:17-24; 1 Petrus 3:20**

**Fokusgedeelte: Genesis 7:18**

### **Die vloed**

Die sondvloed was 'n watervloed wat die hele aarde getref het as straf van God oor die mensdom wat heeltemal sleg geword het. Hierdie vloed wys duidelik hoe volkome God in beheer van sy skepping is.

Die sondvloed was nie die resultaat van 'n klompie natuurkragte wat onafwendbaar daarop afgestuur het nie. Dit is God self wat dit beplan het en laat gebeur het. Hý het bepaal wanneer dit sou begin – nadat Noag die ark klaar gebou het en al die mense en diere wat Hy wou red, binne-in was. Dis Hý wat "die fonteine van die groot watervloed" (die water wat onder die aardoppervlakte was) "oopgebreek" het; en dis Hy wat "die sluise van die hemel" (die waters in die lug) "geopen" het (Gen. 7:11). Dis ook Hy wat bepaal het dat die reën presies veertig dae, 'n spesiale getal in die Bybel, sou aanhou.

Die vloed se water het die héle aarde bedek, alle valleie en vlaktes en hooglande en heuwels en berge. Alle mense sowel as alle diere en voëls, wat van droë land vir hulle voortbestaan afhanklik was, het uitgesteef, behalwe dié wat in die ark was. So wys God dat Hy die mag en die reg het om oor die hele aarde en die lewe van alles en almal daarop, te besluit.

Hierdie straf van God het natuurlik nie sy liefdevolle beskerming en die versorging van sy begenadigdes opgehef nie – Noag en sy gesin word gered. Net so sal God, voordat Hy eendag sy almagtige beheer sal gebruik om die hele wêreld met vuur te straf, wag totdat almal wat Hy vir ewig wil red, deur 'n ware geloof in Jesus Christus ingelyf is.

*Sing: Psalm 33:4 (Totius)*

*Ds. SD Snyman (Pretoria-Magalieskruin)*